



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**GEOGRAFIE V1
NOVEMBER 2017**

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n 11 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

- 1.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die inversielaag is hoër as die plato in hierdie seisoen	A	inwiggings
		B	saal
1.1.2	Die temperatuur waarteen waterdamp kondenseer	C	lyndonderstorms
1.1.3	Lugdrukkel wat in die winter wolklose, stabiele toestande oor die binneland veroorsaak	D	Kalahari-hoog
		E	afsnylaag
1.1.4	Vorm wanneer die koue front van 'n middelbreedte-sikloon van die res van die sikloon afgesny word	F	somer
		G	kuslaag
1.1.5	'n Swak laagdruk wat met motreën en onstabiele weerstoestande langs die Suid-Afrikaanse kuslyn geassosieer word	H	doupunt
		I	winter
1.1.6	Vorm wanneer warm, vogtige lug van die Indiese Oseaan deur koue, droë lug van die Atlantiese Oseaan ingesny word		
1.1.7	Word deur verlengde isobare uit 'n hoogdrukkel voorgestel		
1.1.8	Sone van konstante druk tussen twee antisiklone		

(8 x 1)

(8)

- 1.2 Bestudeer FIGUUR 1.2 wat op 'n rivierstelsel gebaseer is.
- 1.2.1 Benoem die dreineerpatroon in die bloop van die rivier in gebied **A**.
- 1.2.2 Benoem die onderliggende rotsstruktuur wat waarskynlik in gebied **A** aangetref sal word.
- 1.2.3 Is gebied **A** die opvangsgebied of die mond van die rivier?
- 1.2.4 Noem die tipe erosie wat diep valleie in gebied **A** veroorsaak.
- 1.2.5 Noem 'n natuurlike verskynsel wat by 'n knakpunt (in gebied **B**) vorm.
- 1.2.6 In watter rivierloop domineer afsetting?
- 1.2.7 Benoem die landvorm wat waarskynlik as gevolg van die sandafsettings by die riviermond sal vorm. (7 x 1) (7)
- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat op 'n koue front gebaseer is.
- 1.3.1 Watter bewys in die diagram dui daarop dat **X** 'n laagdruk is wat vinnig besig is om te verdiep? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Beskryf die voorspelde temperatuur- en lugdrukverandering wat Kaapstad sal ervaar. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Gee 'n rede vir die cumulonimbuswolk wat by **Y** sal vorm. (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Waarom is strandgangers gewaarsku om van die strand af weg te bly? (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Hoe kan inwoners van die Kaapse kusstreke die negatiewe impak van die koue front verminder? (2 x 2) (4)
- 1.4 FIGUUR 1.4 toon die impak van bergwinde op kusttemperature.
- 1.4.1 (a) Gee die laagste temperatuur wat op 27 Oktober by Vredendal aangeteken is. (1 x 1) (1)
- (b) Gee die presiese tyd toe hierdie temperatuur aangeteken is. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Gee die hoogste temperatuur wat op die grafiek aangeteken is. (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Bepaal die temperatuurspeling wat op 27 Oktober by Vredendal ondervind is. (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Verduidelik hoe die abnormaal groot temperatuurspeling wat op 27 Oktober by Vredendal ondervind is, deur bergwinde veroorsaak is. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke die voorsorgmaatreëls wat die inwoners van Vredendal moet tref wanneer 'n bergwind nader. (4 x 2) (8)

- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat op die watertafel gebaseer is.
- 1.5.1 Definieer die term *watertafel*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 (a) Beskryf die posisie van die watertafel in FIGUUR 1.5A in verhouding tot die Aardoppervlak. (1 x 1) (1)
- (b) Gee 'n rede vir die posisie van die watertafel in FIGUUR 1.5A wat in VRAAG 1.5.2(a) genoem is. (1 x 2) (2)
- 1.5.3 (a) Hoe het stedelike ontwikkeling die posisie van die watertafel in verhouding tot die Aardoppervlak in FIGUUR 1.5B verander? (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik waarom stedelike ontwikkeling die posisie van die watertafel in FIGUUR 1.5B, wat in VRAAG 1.5.3(a) genoem is, verander het. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Stel maatreëls voor wat ná stedelike ontwikkeling ingestel kan word om die watertafel, soos in FIGUUR 1.5A geïllustreer, te handhaaf. (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat 'n stroomkanaal toon.
- 1.6.1 Identifiseer die stroomkanaalpatroon wat in FIGUUR 1.6 getoon word. (1 x 1) (1)
- 1.6.2 In watter loop van die rivier sal die geïllustreerde stroomkanaalpatroon die waarskynlikste aangetref word? (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Gee EEN rede waarom die geïllustreerde stroomkanaalpatroon in die loop van die rivier, wat jy in VRAAG 1.6.2 genoem het, sal ontwikkel. (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Teken 'n eenvoudige, benoemde deursnit van die rivierkronkel/meander tussen punt **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Jy wil graag 'n kampeerterrein aan die oewer van die geïllustreerde rivier ontwikkel. Na sorgvuldige oorweging kies jy 'n terrein langs helling/oewer **A** eerder as langs helling/oewer **B**. Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, waarom die terrein langs helling/oewer **A** die beste keuse is. (4 x 2) (8)
- [75]

VRAAG 2

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat vier weerstasies toon. Pas die stellings hieronder by weerstasies **A** tot **D**. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 A.
- 2.1.1 Donderstorms kan waarskynlik ervaar word.
- 2.1.2 Windspoed is 25 knope.
- 2.1.3 Dui wolklose toestande aan.
- 2.1.4 Windrigting is suidwes.
- 2.1.5 Geassosieer met stabiele toestande oor die binneland in die winter.
- 2.1.6 Toestande wat in die winter aan die weskus van Suid-Afrika heers.
- 2.1.7 Die verwagte neerslag is motreën. (7 x 1) (7)
- 2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.9 A.
- 2.2.1 Verwys na die hoofrivier en sy sytakke:
- A Dreineerbekken
 - B Samevloeiing
 - C Opvangsgebied
 - D Rivierstelsel
- 2.2.2 Die watervloei in 'n bergstroom is waarskynlik ...
- A laminêr.
 - B glad.
 - C turbulent.
 - D in lae.
- 2.2.3 Die hoofgeomorfologiese proses in die benedeloop van 'n rivier is ...
- A erosie.
 - B afsetting.
 - C saltasie.
 - D abstraksie.
- 2.2.4 Die laagste punt waartoe 'n stroom kan erodeer, word die ... genoem.
- A permanente basisvlak
 - B bron
 - C tydelike basisvlak
 - D knakpunt

- 2.2.5 Die term wat gebruik word om die veranderende posisie van 'n waterskeiding te beskryf:
- A Stroomroof
 - B Verjonging
 - C Afsetting
 - D Abstraksie
- 2.2.6 'n Stroom wat tans te klein is om die vallei waarin dit vloei, te erodeer:
- A Antesedente/Gehandhaafde stroom
 - B Geroofde stroom
 - C Gesuperponeerde/Geërfde stroom
 - D Verarmde stroom
- 2.2.7 Vorm wanneer 'n stroom sy vrag afset en sy eie loop blokkeer:
- A Gevlegte stroom
 - B Levée/Oewerwal
 - C Vloedvlakte
 - D Moeras
- 2.2.8 Riviere wat net in die reënseisoen vloei, word ... riviere genoem.
- A eksotiese
 - B periodiese
 - C episodiese
 - D standhoudende
- (8 x 1) (8)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat inligting oor 'n tifofoon in Taiwan bevat.
- 2.3.1 Watter skets, **A** of **B**, toon die tifofoon wat Taiwan getref het? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.3.1. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Watter bewys dui daarop dat Taiwan gereeld tifone ervaar? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Waarom word mense na veiligheid gebring wanneer 'n tifofoon nader? (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Verduidelik TWEE faktore wat daartoe sou gelei het dat Meranti in 'n super-(uiters sterk)tifofoon ontwikkel het. (2 x 2) (4)
- 2.3.6 Evalueer die impak van 800 mm reën wat in die bergagtige gebiede van Taiwan neergestort het (in groot hoeveelhede geval het). (2 x 2) (4)

- 2.4 FIGUUR 2.4 is 'n voorstelling van 'n stadsklimaat.
- 2.4.1 Watter skets, **A** of **B**, stel die stadsklimaat in die dag voor? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 2.4.1 te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Gee EEN rede vir die voorkoms van rookmis in skets **B**. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Stel EEN rede vir die afwesigheid van rookmis in skets **A** voor. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 Bespreek, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verskillende volhoubare oplossings om die ontwikkeling van rookmis in 'n stad te beperk. (4 x 2) (8)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat stroomroof op 'n geërfde landskap toon.
- 2.5.1 Wat is 'n *geërfde stroom*? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Watter bewys dui daarop dat rivier **S** en rivier **Y** geërfde strome is? (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Teken 'n benoemde deursnee om te toon hoe die abstraksieproses tot stroomroof in FIGUUR 2.5B gelei het. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die veranderinge wat die geroofde stroom stroomaf van die roofelmuur sal ondergaan. (4 x 2) (8)
- 2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6 wat op stroomverjonging in die benedeloop van 'n rivier gebaseer is.
- 2.6.1 Noem EEN kenmerk van 'n verjongde rivier. (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Watter bewys in die skets dui aan dat die rivier verjong is? (2 x 1) (2)
- 2.6.3 Gee TWEE moontlike redes vir stroomverjonging. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Beskryf die impak wat verjonging op die rivierkronkel/meander in FIGUUR 2.6 sal hê. (1 x 2) (2)
- 2.6.5 Stel EEN negatiewe impak voor wat verjonging op die toekomstige ontwikkeling van infrastruktuur het. (1 x 2) (2)
- 2.6.6 Gee bewyse in FIGUUR 2.6 om die stelling te ondersteun dat terrasse, alhoewel hulle gelyk is, nie altyd vir landbou geskik is nie. (2 x 2) (4)

[75]

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE
EKONOMIESE GEOGRAFIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

- 3.1 Verwys na FIGUUR 3.1. Pas die beskrywings hieronder by nedersetting **A** of **B**. Kies die antwoord en skryf slegs die letter A of B langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.1.8 A.
- 3.1.1 Word met verspreide plaasopstalle geassosieer
- 3.1.2 Maak dit moontlik dat plaastoerusting en idees gedeel word
- 3.1.3 Het gefragmenteerde stukke grond
- 3.1.4 Het groot hoeveelhede kapitaal nodig om volhoubaar te wees
- 3.1.5 Gebrek aan privaatheid in hierdie tipe nedersetting
- 3.1.6 Toon 'n kernpatroon
- 3.1.7 Groter sekerheidsrisiko in hierdie tipe nedersetting (7 x 1) (7)
- 3.2 Verwys na FIGUUR 3.2 wat op twee kernnywerheidsgebiede in Suid-Afrika gebaseer is.
- 3.2.1 Benoem nywerheidsgebied **A**.
- 3.2.2 Noem EEN fisiese faktor wat nywerheidsgebied **A** en **B** met mekaar gemeen het.
- 3.2.3 Benoem nywerheidsgebied **B**.
- 3.2.4 Noem die hooflandbouprodukt waarmee in streek **B** geboer word.
- 3.2.5 Is nywerheidsgebied **A** of **B** vir die verwerking van vrugte bekend?
- 3.2.6 Sal nywerheidsgebied **A** of **B** die naaste aan die Asiatiese markte wees?
- 3.2.7 Ondervind gebied **A** of **B** hoofsaaklik winterreënval?
- 3.2.8 Is gebied **A** of **B** die tweede grootste nywerheidsgebied in Suid-Afrika? (8 x 1) (8)

- 3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 wat stedelike grondgebruik toon.
- 3.3.1 Definieer die term *stedelike grondgebruik*. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Benoem grondgebruiksone **A**. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Watter bewys dui daarop dat grondgebruiksone **A** 'n hoë mate van toeganklikheid het? (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Bespreek TWEE probleme wat grondgebruiksone **A** as gevolg van die hoë toeganklikheid daarvan ervaar. (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Analiseer, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die rol wat groen gordels speel om die omgewingsprobleme te verminder wat grondgebruiksone **A** as gevolg van sy toeganklikheid ervaar. (4 x 2) (8)
- 3.4 Verwys na FIGUUR 3.4, 'n uittreksel wat op stedelike verval gebaseer is, wat 'n stedelike kwessie is wat met snelle verstedeliking verband hou.
- 3.4.1 Wat verstaan jy onder die term *stedelike verval*? (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Noem EEN oorsaak van stedelike verval. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Waarom het die inwoners van Bromwellstraat 120–128 nog nie hulle wonings ontruim (verlaat) nie? (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Waarom voel inwoners van die Woodstock Hub (kern) dat stedelike hernuwing hulle lewens verwoes? (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Gee TWEE redes waarom die oorgangsones stadsvernuwing moet ondergaan. (2 x 2) (4)
- 3.4.6 Verduidelik waarom stadsvernuwing Bromwellstraat 120–128 van 'n lae- na 'n middel- of 'n hoë-inkomste-woongebied sal verander. (2 x 2) (4)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat gebaseer is op nywerheidsontwikkelingsones (NOS) wat geleentheid vir nywerheidsdesentralisasie skep.
- 3.5.1 Gee 'n voorbeeld van 'n NOS in Suid-Afrika. (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Wat is die hoofdoel van 'n NOS? (1 x 1) (1)
- 3.5.3 Hoe skep 'n NOS die geleentheid vir nywerheidsdesentralisasie? (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Noem TWEE voordele van nywerheidsdesentralisasie vir die kernnywerheidsgebiede in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Verduidelik hoe 'n NOS plaaslike sosio-ekonomiese omstandighede sal verbeter. (2 x 2) (4)

- 3.6 FIGUUR 3.6 is 'n tabel wat Suid-Afrika se posisie op die globale voedselsekerheidsindeks toon.
- 3.6.1 Beskryf die verandering in Suid-Afrika se voedselsekerheidsindeks-telling van 2012 tot 2016. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Noem die verandering in Suid-Afrika se wêreld-rangorde ten opsigte van die voedselsekerheidsindeks van 2012 tot 2016. (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Wanneer word 'n land as voedselseker beskou? (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Verduidelik die positiewe impak van voedselsekerheid in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die redes vir Suid-Afrika se lae voedselsekerheidsindeks analiseer. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 4

- 4.1 Verwys na FIGUUR 4.1 oor straatpatrone. Pas die beskrywings hieronder by straatpatroon **A** of **B**. Kies die antwoord en skryf slegs die letter A of B langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.9 A.
- 4.1.1 Langer strate met minder kruisings
- 4.1.2 Is beplan om gladde verkeersvloei moontlik te maak
- 4.1.3 'n Kenmerk van nuwe stedelike ontwikkelings
- 4.1.4 Maak bouwerk makliker as gevolg van die erwe se reëlmatige vorm
- 4.1.5 Nie vir steil en heuwelagtige grond geskik nie
- 4.1.6 Bespaar brandstof en reistyd
- 4.1.7 Makliker om plekke te vind
- 4.1.8 Word met die oudste gedeelte van 'n nedersetting geassosieer (8 x 1) (8)

- 4.2 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.2.1	Word met wetenskaplike boerderymetodes geassosieer	A	stedelike landbou
4.2.2	Tipe boerdery waar elke beskikbare stukkie grond bewerk word	B	arbeidsintensief
4.2.3	Gewasse wat in woongebiede verbou word	C	grootskaalse boerdery
4.2.4	Plase wat swaar op handarbeid staatmaak	D	monokultuur
4.2.5	Produkte wat vervaardig word om aan ander lande verkoop te word	E	intensiewe boerdery
4.2.6	Produkte wat in Suid-Afrika verkoop word	F	uitvoermark
4.2.7	Boerdery wat een gewas verbou	G	tuismark
		H	invoermark

(7 x 1) (7)

- 4.3 Verwys na FIGUUR 4.3 wat op hoë- en lae-orde stedelike sentra en hulle invloedssfeer gebaseer is.

- 4.3.1 Definieer die term *invloedsfeer*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Vergelyk die grootte van die stad se invloedssfeer met dié van die dorp. (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Wat bepaal die grootte van die invloedssfeer van 'n stedelike nedersetting? (1 x 1) (1)
- 4.3.4 Gee TWEE moontlike redes vir die oorvleueling van die dorp se invloedssfeer met dié van die stad. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Verduidelik waarom die reikwydte (afstand) van verskillende goedere en dienste wat in stad **B** aangebied word, nie dieselfde is nie. (2 x 2) (4)
- 4.3.6 Waarom is daar volgens die stedelike hiërargie van nedersettings meer lae-orde sentra (dorpe) as hoë-orde sentra (stede)? (2 x 2) (4)

- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat 'n strokiesprent oor landelik-stedelike migrasie toon.

- 4.4.1 Noem die stootfaktor in die strokiesprent wat tot landelik-stedelike migrasie gelei het. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Noem die trekfaktor wat John na die stad gelok het. (1 x 1) (1)

- 4.4.3 Verwys na die strokiesprent (raampie 4). Waarom was Joan verbaas oor John se aangetrokkenheid tot die stad? (1 x 1) (1)
- 4.4.4 Noem TWEE ander verwagtinge wat John gehad het waaraan NIE voldoen is toe hy stad toe getrek het NIE. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Plaaslike regerings (munisipaliteite) moet hulle jaarlikse begrotings verhoog om vir 'n instroming van landelike migrante voorsiening te maak. Verduidelik hierdie stelling in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)
- 4.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 4.5 wat na die ontwikkeling van die Dube-handelshawe verwys, wat na bewering die ontwikkeling van die Durban-Pinetown-nywerheidstreek 'n hupstoot gee.
- 4.5.1 In watter provinsie is die Durban-Pinetown-nywerheidstreek geleë? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Wat, volgens President Jacob Zuma, het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Dube-handelshawe gespeel? (1 x 1) (1)
- 4.5.3 Noem enige TWEE hoofnywerheidsprodukte wat in die Durban-Pinetown-nywerheidstreek vervaardig word, wat by die ontwikkeling van die Dube-handelshawe kan baat vind. (2 x 1) (2)
- 4.5.4 Bespreek enige TWEE faktore wat die ontwikkeling van die Durban-Pinetown-nywerheidstreek bevoordeel het, kusligging uitgesluit. (2 x 2) (4)
- 4.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke die belangrikheid van die bekendstelling van die landbousone en skeepsfrag-terminus vir toekomstige nywerheidsontwikkeling in die Durban-Pinetown-nywerheidstreek. (4 x 2) (8)
- 4.6 Bestudeer FIGUUR 4.6 wat die persentasie van Gauteng se aktiwiteite in die tersiêre sektor in Suid-Afrika toon.
- 4.6.1 Definieer die term *tersiêre ekonomiese aktiwiteite*. (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Watter tersiêre aktiwiteit in Gauteng dra die meeste tot Suid-Afrika se ekonomie by? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Gee 'n rede vir die ekonomiese aktiwiteit wat die hoogste persentasie tot die tersiêre sektor bydra. (1 x 2) (2)
- 4.6.4 Lewer kommentaar op die bydrae van Gauteng se tersiêre sektor tot die ekonomie van Suid-Afrika, gebaseer op die inligting in FIGUUR 4.6. (1 x 2) (2)
- 4.6.5 Waarom is dit verkieslik dat 'n land 'n sterker tersiêre sektor as 'n primêre sektor het? (2 x 2) (4)
- 4.6.6 Verduidelik die rol wat vervoer in die versterking van die tersiêre sektor in Gauteng speel. (2 x 2) (4)

[75]**GROOTTOTAAL: 225**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12


GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2017

BYLAE


Hierdie bylae bestaan uit 11 bladsye.

FIGUUR 1.2: RIVIERSTELSEL




[Aangepas uit <https://za.pinterest.com/pin/430516045604913515/>]


FIGUUR 1.3: KOUE FRONT



FIGUUR 1.4: IMPAK VAN BERGWINDE OP KUSTEMPERATURE




FIGUUR 1.5: WATERTAFEL




[Aangepas uit <http://www.learnnc.org/lp/media/uploads/2010/02/fig3-21.jpg>]

FIGUUR 1.6: STROOMKANAAL





[Bron: <http://adlib.eversite.co.uk/adlib/defra/content.aspx?id=000IL3890W.17UT30ZOH8G447>]

FIGUUR 2.1: WEERSTASIES




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

FIGUUR 2.3: TIFOON IN TAIWAN


<p>Bewegings- rigting</p>  <p>A</p> <p>Bewegings- rigting</p>  <p>B</p>	<p align="center">STERKSTE TIFOON IN 21 JAAR TREF TAIWAN</p> <p>Gedeeltes van Taiwan is tot stilstand gedwing toe supertifoon Meranti die sterkste winde in 21 jaar tot gevolg gehad het.</p> <p>Daar was ernstige reisontwrigtings vir die Middelherfsfees-langnaweek omdat meer as 300 plaaslike en internasionale vlugte gekanselleer is en treine langs die ooskus tot stilstand gebring is.</p> <p>Daar is voorspel dat die storm soveel as 800 mm reën in die bergagtige gebiede gestort het. Byna 1 500 mense is uit gevaarlike gebiede ontruim, en ongeveer die helfte is in tydelike skuilings geplaas.</p> <p align="right">[Aangepas uit AFP, 15 September 2016]</p>
---	--

FIGUUR 2.4: STADSKLIMAAT




[Aangepas uit <http://www.buzzle.com/articles/causes-and-effects-of-temperature-inversion.html>]

FIGUUR 2.5: STROOMROOF



[Aangepas uit www.uky.edu]

FIGUUR 2.6: STROOMVERJONGING




[Aangepas uit www.studyblue.com]

FIGUUR 3.1: NEDERSETTINGSTIPES




[Bron: http://images.slideplayer.com/24/7567712/slides/slide_6.jpg]

FIGUUR 3.2: KERNNYWERHEIDSGBIEDE



[Bron: www.keyword-suggestions.com]

FIGUUR 3.3: STEDELIKE GRONDGEBRUIK

[Bron: <http://www2.mcdaniel.edu/Biology/ESP/cities/urbanquestions.html>]

FIGUUR 3.4: STEDELIKE VERVAL

STADSVERNUWINGSPROGRAM OM STEDELIKE VERVAL TE BEVEG, MAAK INWONERS VAN WOODSTOCK KWAAD


Die sperdatum vir inwoners van Bromwellstraat in Woodstock, Kaapstad, om hulle huise te verlaat, is uitgestel. Een van die inwoners sê dat stadsvernuwingsprogramme in Woodstock en Soutrivier besig is om hulle lewens te vernietig.

Die Woodstock Hub (kern) het in 2013 eienaarskap van Bromwellstraat 120–128 verkry om die geboue op te gradeer. Die direkteur van die Woodstock Hub sê dat hierdie eiendomme veronderstel was om ontruim te word. Drie jaar later sê die inwoners dat hulle nêrens het om heen te gaan nie, en hulle blameer die stadsvernuwingsprojek en die regering vir hulle penarie.

Wes-Kaapse LUR van Menslike Nedersettings sê dat hy vir die gesinne behuising in Delft aangebied het, maar hulle wou dit nie hê nie. Die inwoners sê dat hulle nie gedwing wil word om so ver uit die stad te trek na 'n gemeenskap wat hulle nie ken nie.

[Aangepas uit <http://www2.mcdaniel.edu/Biology/ESP/cities/urbanquestions.html>]

FIGUUR 3.5: NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONES



[Bron: Eksaminator se aantekeninge]

FIGUUR 3.6: SUID-AFRIKA SE POSISIE OP DIE GLOBALE VOEDSELSEKERHEIDSINDEKS 2012–2016

SUID-AFRIKA SE RANGORDE IN 2016 IN VERGELYKING MET 2012					
LAND	GLOBALE VOEDSELSEKERHEIDSINDEKS				BBP VSA\$ 2016
	2012-telling	2012-rangorde	2016-telling	2016-rangorde	
Suid-Afrika	61,7	40	62,9	47	13 481


[Vertaal uit *Economist Intelligent Unit (EIU) Report, 2016 GFSI Edition*]

FIGUUR 4.1: STRAATPATRONE



[Bron: www.planetizen.com]

FIGUUR 4.3: INVLOEDSFEER



[Bron: Eksaminatorskets]

FIGUUR 4.4: LANDELIK-STEDELIKE MIGRASIE



[Aangepas uit OCR 2014]

FIGUUR 4.5: DUBE-HANDELSHAWE: INVLOED OP DIE DURBAN-PINETOWN-NYWERHEIDSTREEK**HANDELSHAWE 'N GROOT HUPSTOOT VIR EKONOMIESE GROEI**


'Die Dube-handelshawe gaan 'n groot logistieke platform vir Suidelike Afrika wees, aangesien die Durban-hawe met 53 internasionale bestemmings verbind word en toegang tot plaaslike verspreidingsnetwerke verskaf,' het President Jacob Zuma gesê.

Die President het die ultramoderne multibiljoen-rand skeepsvragterminus, handelsone, landbousone (die grootste klimaatbeheerde groeigebied onder glas in Afrika) en IT- en telekommunikasie-platform by La Mercy, KwaZulu-Natal, bekendgestel.

Die Dube-handelshawe is tussen die twee grootste hawens in die Suidelike Halfrond, Durban en Richardsbaai, geleë en het groot potensiaal om ekonomiese groei en werkskepping in die provinsie 'n hupstoot te gee.

KwaZulu-Natal-premier, Zweli Mkhize, wat ook by die bekendstelling gepraat het, het gesê dat die Dube-handelshawe die provinsie se invoer- en uitvoerkapasiteit aansienlik sal vergroot.

[Aangepas uit <http://www.vukuzenzele.gov.za/book/export/html/962>]

FIGUUR 4.6: TERSIËRE AKTIWITEITE

[Bron: <http://www.fin24.com/Entrepreneurs/News/Gauteng-the-top-dog-for-years-to-come-20140703>]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 225

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 F/Somer (1)
- 1.1.2 H/Doupunt (1)
- 1.1.3 D/Kalahari Hoog (1)
- 1.1.4 E/Afsnylaag (1)
- 1.1.5 G/Kuslaag (1)
- 1.1.6 C/Lyndonderstorms (1)
- 1.1.7 A/Inwigging (1)
- 1.1.8 B/Saal (1) (8 x 1) (8)
- 1.2 1.2.1 Dendrities (1)
- 1.2.2 Homogene Geologie/Eenvormig horisontaal (1)
Rotse wat eenvormig weerstand teen erosie bied (1)
Horisontaal sedimentêr/Massiewe stolling (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.3 Opvangsgebied (1)
- 1.2.4 Vertikaal/Afwaarts/Insnyding (1)
- 1.2.5 Stroomversnelling (1)
Waternal (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.6 Benedeloop (1)
Verouderde stadium (1)
Vlakte stadium (1)
Fase C (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.7 Sandeilande/Sandbanke (1)
Delta (1)
[ENIGE EEN] (7 x 1) (7)

- 1.3 1.3.1 Isobare naby aan mekaar (1)
Steil drukgradiënt (1)
Stasiemodelle toon hoë windspoed (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Temperature sal afneem/daal (1)
Lugdruk sal toeneem/styg (1) (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Koue lug wig onder warm lug in en dwing dit om vinnig (baie) hoog te styg (2)
Steil gradiënt van koue front dwing warm lug om (baie) hoog te styg (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Stormvloede/hoë golwe maak die see baie rof/gevaarlik (2)
Kusoorstromings sal baie moontlik voorkom (2)
Moontlikheid van sandstorms (2)
Sterk winde (2)
Moontlikheid van donderstorms en weerlig/hael (2)
Swaar reënval (2)
Sterk moontlikheid van beserings OF menslike lewensverlies (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Inwoners moet in hulle huise bly/vertraag reise/skuiling soek (2)
Mense wat in laagliggende gebiede bly moet hulle huise ontruim en skuiling op hoër grond soek (2)
NGO's en skuilings kan haweloses van skuiling/komberse voorsien (2)
Mense moet 'n voorraad voedsel/water/kerse opbou (2)
Hê mediese voorraad (2)
Mense wat met lewende hawe boer moet voorsiening maak vir skuiling vir hulle vee (2)
Beveilig besittings/eiendom (2)
Deur vensters te versterk/toe te spyker (2)
Plaas sandsakke (2)
Onderhou elektriese verbindings (2)
Onderhou dreineringsstelsels (2)
Beveilig bote in die hawe (2)
Luister na media uitsendings om vir die storm voor te berei (2)
Hê kragopwekkers byderhand (2)
Ontruimingsplanne in plek (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 (a) 18°C (1)
[Eenheid moet aangedui word] (1 x 1) (1)
- (b) 24h00/0h00/12 uur middernag – 00h30/30 minute na middernag (1)
(1 x 1) (1)
- 1.4.2 48°C (1)
[Eenheid moet aangedui word] (1 x 1) (1)
- 1.4.3 30°C (2) (48°C - 18°C)
[Eenheid moet aangedui word] (1 x 2) (2)

- 1.4.4 Tydens die ontstaan van bergwinde is die temperatuur laag (2)
Vanaf 5vm vir styg die temperatuur as die bergwind Vredendal bereik (2)
Die lug verhit teen die droë adiabatiese vervaltempo/1°C per 100 m daling (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

1.4.5 **VOORSORGMAATREËLS**

- Brandbestryders/nooddienste word vroegtydig ontplooi/op bystand om brande te sien (2)
Inwoners moet blandblussers naby hê (2)
Maak voorbrande/beheerde brande (2)
Rig uitkyktorings op (2)
Vooraf waarskuwings (TV, radio, koerante) gee inwoners tyd om water op te gaar vir die moontlike dehidrasie as gevolg van die verhoogde temperatuur (2)
Boere kan waterpunte volmaak om te verseker dat vee nie dehidreer nie (2)
Boere kan gewasse met gewasbedekkings toemaak om die impak van verhoogde verdamping en skade aan gewasse te verminder (2)
Besproei lande om gewasse klam te hou (2)
Skuif lewende hawe na skaduwee (2)
Skuif lewende hawe na beskerming (2)
Beskerm voereserwes (2)
Bepaalde optrede van nooddienste wat benodig sal word vir inwoners wat vatbaar vir hitte-uitputting en hitte-aandoenings lei (2)
Adviseer kwesbare mense (oumense, kinders) om binneshuis te bly (2)
Kanselleer buite-akriwiteite (2)
Ontruimingsplanne moet in plek gestel word (2)
Neem versekering uit (2)
[ENIGE TWEE] (4 x 2) (8)

- 1.5 1.5.1 Die watertafel is die oppervlak van die korswatersone (1)
Die watertafel is die boonste vlak van die versadigde grondwatersone (1)
[KONSEP]
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

- 1.5.2 (a) In A is die watertafel naby aan die oppervlak/hoog (1)
Slegs 'n paar meter onder die oppervlak/naby die oppervlak (1)
Sny die oppervlak/rivierbedding (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

- (b) Die plantegroei keer die water vas/verminder afloop (2)
Plantegroei laat meer infiltrasie plaasvind (2)
Bome gee skauwee, daarom minder verdamping (2)
Deurlaatbare onderliggende gesteentes bevorder infiltrasie (2)
Geleidelike helling bevorder infiltrasie (2)
Soos wat infiltrasie verhoog styg die watertafel (2)
Geen kunsmatige oppervlak (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

- 1.5.3 (a) Die watertafel het gesak/is dieper/is verder onder die oppervlak (2)
Sny nie meer die aardoppervlak/rivierbedding (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- (b) Kunsmatige (mensgemaakte) oppervlaktes soos bv. teer is minder deurlaatbaar en lei tot direkte afloop (2)
Dreineerstelsels (stormwaterafvoerpype/-slote) voer afloop uit die nedersetting (2)
Verwydering van natuurlike plantegroei verhoog direkte afloop (2)
Minder infiltrasie a.g.v. verhoogde afloop verminder die grondwaterinhoud en verlaag die watertafel (2)
Nywerheidsaktiwiteite verlaag die watertafel (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Skep meer deurlaatbare oppervlaktes soos plaveisel en gras (2)
Beperk kanalisering van riviere om water toe te laat om in te syfer (2)
Gebruik deurlaatbare bakstene om voetpaadjies en sypaadjies meer te bou (2)
Skep buffersones naby aan riviere om plantegroei te beskerm en infiltrasie toe te laat (2)
Skep meer oop ruimtes in die stedelike omgewing, bv. groengordels wat natuurlike oppervlaktes het en help om infiltrasie te verhoog (2)
Skep meer plantryke ruimtes tussen geboue, bv. bome en gebiede met oop gras wat infiltrasie sal bevorder/bebossing (2)
Beperk stedelike ontwikkeling op gelyk oppervlaktes sodat infiltrasie daar aangemoedig kan word (2)
Ontwikkel dreineerstelsels wat behandelde water terug na oop natuurlike omgewings in die stad sal herlei om infiltrasie te verhoog (2)
Skep stedelike omgewings met dreineerstelsel wat direkte afloop/reënval opvang in stormwaterstelsels en dit na die natuurlike omgewings in die stad sal herlei (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 1.6 1.6.1 Kronkelend (1) (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Benede/Vlakte/Middel (1) (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Gradiënt is meer geleidelik (2)
Verminderde energie/spoed (2) (1 x 2) (2)

1.6.4

(2 x 2) (4)

1.6.5 HELLING A – GESKIKSTE VIR KAMPEERTERREIN

Het 'n geleidelike konvekse vorm (2)

Geleidelike helling ideaal om te bou en te kampeer (2)

Maklike toegang tot rivier vir visvang en om water te gaan haal (2)

